NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 23 OKTOBER 2003

1. OPENING

1.1 Die voorsitter, ds EGJdeG Schutte, heet die nuwe lede by die eerste vergadering van die dagbestuur welkom.

1.2 Hy gaan die vergadering voor in gebed.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die Sinodale Kommissie

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds MF Steyn

Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 Op uitnodiging

Dr A Oliphant – DL Diens van Barmhartigheid
Dr JD Prinsloo – DL Gemeentebediening
Ds JH van Niekerk – DL Getuienis
Ds WP Petzer – DL Jeug
Dr JP Cloete – DL LAS

2.4 Verskoning vir afwesigheid

Mev L Steyn – DL Vrouebediening

3. NOTULE VAN DIE LAASTE SITTINGS-DAG: 23 OKTOBER

3.1 Die notule van die laaste sittingsdag van die sinode word beskikbaar gestel. Die vergadering lees dit deur en bring enkele korreksies aan.

3.1.1 **Besluit**: Die notule van die laaste sittingsdag word goedgekeur.

4. SKRYWE: HERSTEL VAN BEVOEGD-HEID: VERNON JOHAN LOUW

4.1 'n Skrywe is van die Ring van Queenstown ontvang in verband met die herstel van status van VJ Louw (2003.08.10).

4.2 Sekere gegewens ontbreek, en die ring is daarvan in kennis gestel. Die ring sal die noodsaaklike dokumentasie voorsien.

5. SKRYWE NGK KRAGGAKAMMA: SAKELYS VAN DIE SINODE

5.1 'n Skrywe is van NGK Kraggakamma ontvang met 'n versoek dat die sinodale sakelys 6 weke voor die aanvang van die sinodesitting aan kerkrade besorg word.

5.1.1 **Besluit**: Die saak staan oor.

6. UITVOERENDE VERGADERING: KONVENT VAN EENHEID

6.1 'n Uitvoerende vergadering van die Konvent van Eenheid vind op 24 November 2003 in Bellville plaas.

6.1.1 **Besluit**: Die moderatuur sal die sinode verteenwoordig.

7. TUISBLAD NG KERK

7.1 Die Skriba ASK versoek dat 'n leraar vanuit Oos-Kaapland aangewys word om as vrywilliger deel uit te maak van die moniteringspan wat die Forum op die tuisblad van die NG Kerk hanteer.

7.1.1 **Besluit**: Die skriba sal uitvoering aan die versoek gee.

8. SKRYWE RING VAN CRADOCK: AAN-PASSING VAN DIE KERKORDE

8.1 Die Ring van Cradock versoek dat die kerkorde aangepas word om dit vir gemeentes wat nie langer leraars kan bekostig nie so maklik as moontlik te maak om die bediening plaaslik te reël.

8.1.1 **Besluit**: Die saak staan oor na die volgende vergadering.

9. RING VAN CRADOCK: PREDIKANTS-POS HOFMEYR

9.1 Die kerkraad van Hofmeyr versoek die Ring van Cradock om die leraarspos af te skaf in die lig van die samewerkingsooreenkoms met Cradock-Noord. Die ring deel hierdie besluit aan die SK mee.

9.1.1 **Besluit**: Die vergadering neem kennis. Die DA word versoek om uitvoering aan die tersaaklike aspekte te gee.

10. SKRYWE DS PA VAN TAAK: EMERITI-VERENIGING

10.1 Ds PA van Taak bedank die SK vir die ontmoeting met die Emeriti-Vereniging.

10.1.1 **Besluit**: Kennis word geneem van die skrywe.

11. UITNODIGING: EMERITI-VERENIGING

11.1 **Besluit**: Die bestuur van die Emeriti-Vereniging word weer na 'n volgende vergadering van die SK-dagbestuur uitgenooi.

12. FREKWENSIE VAN SINODALE VERGADERINGS

12.1 Die Algemene Sinode vergader voortaan tweejaarliks. Die vraag is of ons sinode by hierdie ritme gaan inskakel, of by die bestaande frekwensie gaan bly?

12.1.1 **Besluit**: Die vergadering gee opdrag aan drr Van Wyk en Viljoen om verskillende moontlikhede te ondersoek, met spesifieke verwysing na die koste-implikasies.

13. VERSLAG: BESLUITE AAN KERK-RADE

13.1 Die lede van die dagbestuur gee sake uit die notule van die sinode, wat in die verslag aan kerkrade ingesluit moet word, aan die skriba deur.

13.2 Die geloofsverbintenis waarmee die sinode afgesluit het, word as begeleidende brief uitgestuur.

14. PROJEKVOORLEGGINGS: KEER-DATUM

14.1 **Besluit**: Die deskundige lede ontvang vir die volgende finansiële jaar (2004/2005) ‘n bedrag waaruit hulle mettertyd projekbefondsing kan aanvra.

15. BESKIKBAARHEID VAN ELEKTRO-NIESE AANBIEDINGS

15.1 **Besluit**: Ds Christo van Heerden sal die saak hanteer.

16. AFSLUITING

Die voorsitter wens almal ‘n veilige terugreis toe en sluit die vergadering met gebed af.

GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN TE PORT ELIZABETH OP DIE SK-DAGEBSTUURSVERGADERING VAN:

Voorsitter:

Skriba:

Ander lede van die Kommissie